Maandag 13 April
Skrifgedeelte: Eksodus 20:18-21
Fokusgedeelte: Eksodus 20:20

## God se genade lei ons in 'n lewe van gehoorsaamheid!

Met buitengewone natuurverskynsels het God Homself aan die volk openbaar. Donderslae en die klank van die ramshoring, met weerligstrale en rook vanuit die berg het God Homself openbaar. Die volk het van angs gebewe. Dit moes vreesaanjaend gewees het. Die bedoeling daarvan was juis om aan die volk te openbaar hoe groot en almagtig God se majesteit is. Tog kan dit nie anders as om die volk baie nederig voor God te maak nie. Met hierdie verskriklike natuurverskynings besef 'n mens hoe almagtig God is en hoe nietig en klein die mens veral voor God is. Maar God het juis deur Moses gewerk toe Hy die tien gebooie aan die volk gegee het en toe Hy Homself op so 'n wyse aan die volk geopenbaar het.

Moses het opgetree as die middelaar tussen die volk en God. Die volk het uit eerbied en in angs staan en kyk en alles aanskou en gesmeek dat Moses liewer met hulle moes praat. Dit het hulle werklik in nederigheid voor God gebring.

Maar Moses bring nou die boodskap van genade aan die volk. In geen onduidelike taal sê hy vir hulle (vs 20): *"Moenie bang wees nie, want God het gekom om julle te toets. Hy wil hê julle moet ontsag hê vir Hom en nie sondig nie. Moses het nader na die donker wolk toe gegaan waarin God was."* Ontsag vir God beteken ook dat jy in gehoorsaamheid voor Hom moet lewe.

So het Jesus Christus aarde toe gekom om tussen ons en God te kom staan. Jesus Christus het ons met God versoen. Jesus Christus het die vrees verdryf. Ons lees in 1 Johannes 4:18: *"Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie."*

Hierdie vertroosting wat Moses gegee het, lees ons net so in die Nuwe Testament in Hebreërs 12:18-23 "Julle het immers nie gekom by 'n tasbare berg met brandende vuur, donderwolke, duisternis, stormwind, trompetgeskal en geklank van woorde nie. Hulle wat dit gehoor het, het gesmeek dat geen woord meer tot hulle gerig moes word nie. Die bevel dat selfs 'n dier wat aan die berg raak, met klippe doodgegooi moet word, was vir hulle ondraaglik. So angswekkend was die verskynsel dat Moses uitgeroep het: "Ek sidder van angs!" Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms, die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is. Julle het gekom by God wat Regter oor almal is, en by die geeste van dié wat vrygespreek en wat nou volmaak is, by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en by die besprinkelingsbloed wat van iets beters getuig as die bloed van Abel. Pas op, moet Hom wat met julle praat, nie afwys nie. Hulle wat Hom afgewys het toe Hy sy Goddelike woord op aarde laat hoor het, het nie ontkom nie. Hoeveel minder sal ons ontkom wanneer ons nie ag slaan op Hom wat van die hemel af met ons praat nie?"

So het ons vandag 'n heilige eerbied en respek vir die Almagtige God. Ons kan nie anders as om in aanbidding voor Hom te buig en Hom te aanbid nie. Ons wil nie anders as om Hom met 'n lewe van gehoorsaamheid te dien en te eer nie. Laat ons dan met ons hele hart en ons hele siel en ons hele verstand aan Hom gehoorsaam wees weens sy genade. Aan God al die eer!

*Sing: Psalm 148-1:1, 4*

*Ds. GS (Gerrit) Kruger (Burgersdorp)*